
# DEEL EEN



# 1




## Wie's jou Pappa?

Regterbrein-denke. Kreatief, intuïtief, avontuurlustig, verbeeldingryk en spontaan. Die tyd is ryp om leiding te neem en proaktief te wees sonder arrogansie. Sukses is gewaarborg as jy reg optree. Hoe tree mens reg op? Met liefde, medemenslikheid, regverdigheid en wysheid. Maklik, nè?


**As al die lyne veranderend was, geld die volgende:**

*Die drake vlieg deur die lug. As hulle hul koppe wegsteek en nie vuur spoeg nie, sal dit goeie geluk bring.*
Die perfekte balans tussen aggressiewe optrede en 'n kalm, deernisvolle houding. Werk hard, maar moenie jouself ooreis of op ander trap om te kry wat jy wil hê nie.

**Andersins, lees net die lyne wat veranderend was:**

1

*Die draak kruip nog in die dieptes weg. Die tyd om op te tree het nog nie aangebreek nie.*
Jy sit nog backstage. Dit is nog nie jou beurt om die verhoog te betree nie. Die potensiaal vir sukses bestaan, maar dis nog te vroeg om jou planne uit te voer. Wees rustig en geduldig.




**Jy sit nog backstage. Dit is nog nie jou beurt om die verhoog te betree nie.**

2

*Die draak verskyn in die veld. Hy is groot en sterk, gaan hom tegemoet.*

Daar is 'n roering agter die gordyn. Die gehoor hou al asem op. Jy begin onderskei jouself nou van die res. Almal kan sien jy is toegewyd en betroubaar.

3

*Die wyse man is besig, dog behoedsaam in die dag en wakker en waaksaam in die nag. Daar skuil gevaar, maar geen skade sal gely word as foute nou reggestel word nie.*

Jy kry skaars tyd om 'n oog toe te maak. Hierdie is die begin van groot dinge. Moenie dat jou ambisie jou verteer nie. Wees dapper genoeg om 'n kans te waag, maar versigtig genoeg om enige slaggate te vermy.

4

*Die draak mik om op te styg, maar bly in die dieptes. Skade word vermy as foute nou reggestel word.*

Jy kom voor keuses te staan. Gaan jy mik vir roem en publieke erkenning, of jou werk agter die skerms voortsit? Daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord nie. Kies bloot die een waarmee jy die gemaklikste voel.

5

*Die draak vlieg hoog in die lug. Gaan hom tegemoet, hy is groot en sterk.*

Jy is wêreldberoemd. Jy het meer fans as Justin Bieber. Verstandige mense voel aangetrokke tot sukses, net so volg dwase mekaar. Soort soek soort.

6

*Die draak vlieg te hoog, hy oorskry sy perke. Hy sal dit berou.*

Trots kom tot 'n val. Jou ambisie oorskry jou vermoëns. Jy is verwaand, oorkrities en uit voeling met die mense om jou. Hierdie is 'n waarskuwing; daar is nog kans om jou foute reg te maak en mislukking te vermy.

## Terloops

Die titels van die eerste en tweede simbole ("Wie's jou Pappa?" en "Wat is 'n huis sonder 'n Moeder?") het nie letterlik met geslagsverskille te doen nie. Dit verwys eerder na die dualiteit wat oral in die natuur en ook binne elke mens bestaan: hemel en aarde, liggaam en siel, tyd en ruimte, hard en sag. Die *i-Tjieng* maak dit baie duidelik dat hierdie elemente nie teenoorgesteldes is nie, maar mekaar eerder aanvul. As die een die ander oorheers, is daar geen kans op harmonie en gevolglike sukses nie. Die *i-Tjieng* begin net soos die Bybel, met hemel en aarde (Genesis 1:1).